



GRAAD 10: PROEFVRAESTEL EKSAMEN  
2006

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I  
LEERUITKOMS 2 & 4

Tyd: 2 uur

100 Punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
  2. Beantwoord al die vrae.
  3. Skryf die nommer van elke vraag bo-aan.
  4. Begin elke vraag op 'n skoon bladsy.
  5. Lees asseblief die instruksies by ELKE vraag noukeurig en voer die opdragte presies daarvolgens uit.
  6. Dit is in jou eie belang om netjies en duidelik leesbaar te skryf.
-

**AFDELING A      BEGRIPSLEES****VRAAG 1**

**Lees die volgende inligting oor Suid-Afrika goed deur en beantwoord dan die vrae daaroor:**

**Die Gewildste Toeristebestemmings in SA  
(Met spesifieke verwysing na Kaapstad en die Tuinroete)**

- 1 Suid-Afrika word dikwels "n wêreld in een land" genoem. Van die Kaapse fynbos tot die KwaZulu-Natalse piesangwêreld is daar 'n uiteenlopendheid in ons natuur soos nêrens anders in die wêreld nie. Boonop is ons land se mense so 'n bonte verskeidenheid van kulture dat Suid-Afrika as die 'reënboognasie' bekend geraak het.
- 2 Wat sal nou as die belangrikste toeristebestemmings in Suid-Afrika beskou word? Watter attraksies behoort 'n móét in elke toeristebrosjure te wees?
- 3 Niemand sal twyfel oor Tafelberg in die Kaap nie. 'n Mens se asem word weggeslaan deur die kilometer hoë wagter oor die Moederstad. Die kruin kan per kabelkar bereik word.
- 4 In die Kaap is daar ook die Kasteel, wat in 1679 deur die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie gebou is. Hier is ook die Victoria & Alfred Waterfront en die wêreldberoemde Nasionale Botaniese Tuin Kirstenbosch. Kaappunt en die Wes-Kaapse wynplase is ook gewilde besoekplekke.
- 5 'n Mens kan ook Robbeneiland, die gevangenis net buite Tafelbaai waar oud-president Nelson Mandela aangehou is, besoek.
- 6 Die 220 km lange Tuinroete lê uitgestrek aan die Suid-Afrikaanse suidkus, vanaf Mosselbaai tot by die Tsitsikammawoud en die Stormsrivier. Nie ver daarvandaan nie is Oudtshoorn se volstruisplase en die Kangogrotte.

[Verwerk uit: Mieliestronk.com]

**Vrae:**

- 1.1 Skryf die **hoofgedagte** van paragraaf 1 in EEN sin neer. (1)
- 1.2 Verduidelik in jou EIE woorde waarom ons land as die **reënboognasie** bekend geword het. (Weet jy miskien wie die term 'reënboognasie' geskep het?) (1)
- 1.3 Vergelyk, volgens paragraaf 1, wat ons land se mense én ons land se natuur in gemeen het. (1)
- 1.4 Gee 'n beter Afrikaanse woord vir die woord **attraksies** uit die leesstuk. (1)
- 1.5 Hoekom dink jy, het die skrywer aksenttekens op die woord **moet** in paragraaf 2 geplaas? (1)
- 1.6 Gee 'n goeie rede waarom jy dink Kaapstad ook as die **moederstad** bekend staan. (1)

- 1.7 In watter soort dokument sal 'n mens meer oor Suid-Afrika se toeristebestemmings kan lees? Vind jou antwoord in paragraaf 2. (1)
- 1.8 (a) Gee woorde uit paragraaf 3 wat sê hoe die skrywer oor Tafelberg voel. (1)  
(b) Hoekom kan 'n mens so ver van Tafelberg af sien? (1)
- 1.9 Watter gebou is die **oudste** attraksie vir toeriste in Kaapstad? (1)
- 1.10 Gee EEN woord wat sê dat die Nasionale Botaniese Tuine in Kirstenbosch 'n baie bekende attraksie is. (1)
- 1.11 Watter woord in paragraaf 5 beteken dieselfde as die woord **tronk**? (1)
- 1.12 Die Tuinroete:
- (a) Sê in jou eie woorde wat jy kan aflei uit die naam **Tuinroete**. (1)  
(b) Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is en gee 'n rede vir jou antwoord:  
**Die Tuinroete loop nie deur die binneland van Suid-Afrika nie.** (2)



<b>15 punte</b>
-----------------

VRAAG 2

Advertensie

**crocs**<sup>tm</sup>

**10 redes hoekom jy dit moet hê**

① niks is sagter of gemakliker nie ② dis skaars daar (minder as 6 onse) ③ ventilasiegaatjies hou jou voete koel en gemaklik ④ sole maak nie merke nie ⑤ bied weerstand teen bakterieë en reuke - wat jou vriende gelukkig hou ⑥ ultra-byderwetse, Italiaanse styl met gevormde voetondersteuning ⑦ glipvry ⑧ kan gesteriliseer word in water en bleikmiddel (as jy in iets onaardigs trap) ⑨ maklik om in stand te hou (die poleerman is onnodig) ⑩ water en sand beweeg maklik deur die gaatjies (so, gaan voort - stap deur die rivier)

swart botter sjokolade koraal amarag fuchsia kakte ligblou  
lemmetjie vootblou pàrelwit pienk pers saffe seebiou geel

**DAMES EN MANS**

*Lady Day Skoene*

**KOLONNADE SENTRUM, WINKEL U34, LANGS HOUSE OF COFFEES**

marcel/99763/25-05-2006/book1

Kyk na die bostaande advertensie en beantwoord dan die volgende vrae:

2.1 '10 redes hoekom jy dit moet hê'. Daar is 'n paar redes waarom jy 'n paar crocs wil koop. Gee net die nommer uit die teks wat by die volgende redes sal pas:

- (a) Jy hou nie van **swaar** skoene nie.
- (b) Jou hele huis het wit teëls op die vloere wat maklik vuil word.
- (c) Jou voete stink gewoonlik wanneer jy jou skoene uittrek.
- (d) Die vloere in jou huis is baie glad.

(4 x ½ = 2)

2.2 Jy het per ongeluk in 'n 'presentjie' getrap wat jou hond vir jou op die gras gelaat het. Wat kan jy nou met jou crocs doen?

(1)

2.3 (a) In watter **land** is crocs gestileer/ontwerp?


(1)

(b) Van watter woord is 'crocs' 'n verkorting? Gee die Afrikaanse weergawe van die woord.

(1)

- 2.4 Herskryf rede nommer 7 uit die teks in ander woorde sonder om die woord in die advertensie weer te gebruik. (1)
- 2.5 Kyk na al die kleure waarin crocs verkrygbaar is.
- (a) Skep nou nog 'n goeie rede waarom 'n mens crocs behoort te hê. (1)
- (b) Watter kleur crocs sal jy koop as jy wil hê dat dit by jou teëls (vraag 2.1 b) moet pas? (1)
- 2.6 Gebruik die inligting in die advertensie en skep **jou eie paslike slagspreuk** vir crocs. (Jou slagspreuk mag nie langer as EEN sin wees nie.) (1)
- 2.7 Bekyk die advertensie goed en sê dan in EEN sin waarom jy dit as 'n goeie óf 'n swak advertensie beskou. (1)

<b>10 punte</b>
-----------------

**VRAAG 3**      **Visuele teks**

**Bestudeer die bostaande prentjie en beantwoord dan die volgende vrae:**

- 3.1 Skryf elke keer EEN sin ('n minimum van vyf woorde) wat die volgende stellings bevestig:
- (a) Die inwoners van hierdie huis hou van troeteldiere. (1)
  - (b) Daar is moontlik iemand in die huis wat verjaar. (1)
  - (c) 'n Mens kan vanuit hierdie huis se kombuis met die buitewêreld kommunikeer. (1)
- 3.2 Hoekom is dit goed om papier en 'n potlood in 'n kombuis te hê? (1)
- 3.3 Hoekom dink jy hang die prent 'Home sweet home' spesifiek in die kombuis en nie in 'n ander vertrek nie? (1)

**5 punte**

**AFDELING B OPSOMMING****VRAAG 4**

Lees die onderstaande koerantberig deur. Stel dan VYF goeie vrae oor die belangrikste feite in die koerantberig op. Gee ook die antwoord op elke vraag. Nommer elke vraag en antwoord soos volg:

**VRAAG 1:****Antwoord 1:****VRAAG 2:****Antwoord 2: . . . . ensovoorts.**

- Jou vyf vrae en vyf antwoorde moet saam ongeveer 100 woorde lank wees.
- Moenie meer as een vraag oor 'n feit vra nie.
- Jy mag van die woorde in die teks gebruik, maar probeer jou eie vrae skryf.
- Skryf die aantal woorde aan die einde van die opdrag neer.

**Voël vertel: vriendin is ontrou**

Londen. – Sy geliefde papegaai het 'n Britse man laat beseft: sy jarelange vriendin verneuk hom.

Mnr. Chris Taylor (30) van Leeds, Engeland, het aanvanklik niks daarvan gedink toe sy African Grey, Ziggy, die naam "Gary" oor en oor begin noem het nie. Hy het ook nie onraad vermoed toe Ziggy soengeluide maak nadat hy "Gary" gesê het nie . . .

Toe Ziggy egter begin om herhaaldelik "I love you, Gary" te sê, het Taylor sy vriendin, me. Suzy Collins (25), daarvoor gekonfronteer.

Die papegaai het glo ook "Hiya Gary!" geskree wanneer Collins se selfoon gelui het. Ziggy is kort nadat Collins en Taylor se verhouding verbreek is, aan 'n plaaslike papegaai-winkeleienaar verkoop.

Volgens Taylor was hy meer hartseer om van Ziggy afskeid te neem as van sy vriendin. Collins was baie verbaas dat Taylor ontslae geraak het van Ziggy. "Ek's verras dat hy daardie verdomde voël laat gaan het. Hy het meer met die papegaai, Ziggy, gepraat as met my!"

– Mandy Rossouw

[Verwerk uit: Beeld – 18 Januarie 2006]

**10 punte**

**AFDELING C POËSIE****VRAAG 5 Voorbereide gedig**

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

**VIR SARAH BAARTMAN – Diana Ferrus**

- 1 Ek is hier om jou huis toe te neem, huis toe –  
 2 onthou jy die vlaktes,  
 3 die welige groen gras onder die groot eikeboom,  
 4 die lawende koeltes en die son wat nie steek?  
 5 Ek het jou bed berei teen die voet van die berg,  
 6 jou komberse uitgedos met boegoe en kruisement.  
 7 Daar waar die proteas pronk in geel en wit,  
 8 daar sing die rivier 'n welkomingslied!
- 9 Ek is hier om jou weg te skeur,  
 10 weg van die snydende oë van die rassistiese monster  
 11 wat wegkruip in die donker met sy kloue van haat,  
 12 wat jou liggaam versnipper, stukkie vir stukkie,  
 13 jou siel vergelyk met dié van satan  
 14 en syne vergelyk met dié van God!
- 15 Ek is hier om jou te troos,  
 16 jou moeë hart teen my bors vas te hou,  
 17 die palms van my hande oor jou wange te vou  
 18 die lyne van jou nek met my lippe te streef  
 19 en jou ewige skoonheid in my oë te onthou.  
 20 Ek is hier om vir jou te sing  
 21 want ek het vir jou vrede gebring.
- 22 Ek is hier om jou huis toe te neem,  
 23 daar waar die oeroue berge jou naam uitroep!  
 24 Ek het jou bed berei teen die voet van die berg,  
 25 jou komberse uitgedos met boegoe en kruisement.  
 26 Daar waar die proteas pronk in geel en wit,  
 27 daar sing die rivier 'n verwelkomingslied.  
 28 Ek is hier om jou huis toe te neem  
 29 waar ek vir jou sal sing  
 30 want jy het ook vrede  
 31 vir my gebring.

**Vrae**

- 5.1 Waarom word die woorde "Ek is hier om jou . . ." aan die begin van elke strofe herhaal? Sê dus wat die funksie van die herhaling is. (2)
- 5.2 'Ek is hier om jou weg te skeur'
- 5.2.1 **Waarvandaan** moet die spreker haar wegskeur? (1)
- 5.2.2 Waarvan wil die spreker Sarah Baartman verlos deur haar huis toe te bring? (1)
- 5.2.3 Waar is die 'huis' waarheen die spreker haar wil neem? Haal 'n frase uit die laaste strofe aan. (1)



**Kyk weer na strofe 2 en 3.**

- 5.3 Wat is die verskil tussen hoe die spreker Sarah Baartman sien en hoe 'die snydende oë' haar gesien het? (2)
- 5.4 Personifikasie in die gedig:
- 5.4.1 Haal een voorbeeld van **personifikasie** uit die laaste strofe aan. (1)
- 5.4.2 Verduidelik waarom dit personifikasie is. (1)
- 5.4.3 Verduidelik wat die personifikasie in die konteks van die gedig beteken. (1)

<b>10 punte</b>
-----------------

**VRAAG 6** Voorbereide gedig


Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat daarvoor gestel is:

**EKSAMENLOKAAL** – Suzaan Laing

- 1 Haar skoene klik hard op die houtvloer
- 2 soos sy op en af stap
- 3 tussen rye tjoepstil banke.
- 4 Nou en dan kraak die blaai van 'n blad
- 5 die Septembereksamenlug.
- 6 Hande bewe met rukke oor skoon wit velle
- 7 los 'n inkwarboel agter.
- 8 Die horlosie tel twee ure af.
- 9 Sy stap stadig en oes die stelle een vir een
- 10 Blou op wit:
- 11 Ryp met gistermiddag se kennis.

**Vrae:**

- 6.1 In die eerste strofe is daar 'n **kontras** (teenstelling) tussen die onderwyser en die kinders. Wat is dit? (2)
- 6.2 "tussen rye tjoepstil banke" is 'n voorbeeld van **personifikasie**. Verduidelik hierdie beeldspraak. (1)
- 6.3 Hoe dink jy voel die kinders wat eksamen skryf, volgens strofe 3? (1)
- 6.4 "Die horlosie tel twee ure af." Hoe, dink jy, ervaar die kinders dié tyd, volgens dié versreël? (1)
- 6.5 Strofe 4 bestaan uit slegs EEN versreël. Verduidelik wat die digter hiermee bereik. (1)
- 6.6 Bestudeer die volgende prente. Skryf telkens 'n enkele versreël uit die gedig neer wat by die prent pas. Verduidelik in EEN KORT SIN waarom jy so sê. (2)



- 6.7 Hoe voel jy oor eksamens? Sê in nie meer as VIER sinne nie. (2)

<b>10 punte</b>
-----------------

**VRAAG 7**

**Ongesiene gedig:**

**HANSIE EN GRIETJIE** – Eveleen Castelyn

- 1 daar was eendag 'n woud
- 2 aan die kant van die son,
- 3 die maan is 'n flou olielamp,
- 4 saans brand honderde kersies,
- 5 die volgende môre word die kindertjies
- 6 afgelaai by die heks se huisie
- 7 hulle huil tot vanaand
- 8 na-vyf, na-werk kom die
- 9 stiefmammies en –pappies hulle haal
- 10 met 'n ysterswaan
- 11 die nuutste model blaas rook
- 12 en jaag oor riviere teer
- 13 tot by kelders parkering
- 14 dan word hulle opgehys
- 15 gebad en gevoer in 'n hok
- 16 moet hulle soet gaan slaap
- 17 eennag het hansie en grietjie
- 18 weggeloop, bo-oor die tralies geklim
- 19 en fyn en flenters geval
- 20 op die paadjies sement
- 21 ver van die huis af



**Vrae:**

7.1 Uit hoeveel strofes bestaan hierdie gedig? (1)

7.2 Herrangskik kolom A om by kolom B te pas. Skryf die nommer uit kolom A met die korrekte letter uit kolom B langsaan in jou antwoordskrif.

**KOLOM A**

**KOLOM B**

7.2.1 woud

A teerstrate

7.2.2 kersies

B luukse motor

7.2.3 ysterswaan

C die stad

7.2.4 riviere

D stadsliggies

7.2.5 heks se huisie

E crèche, bewaarskool (5)

7.3 Die **sprokie** van Hansie en Grietjie handel oor twee kindertjies wat van hul nare stiefma af weggeneem word. Sê kortliks in jou eie woorde waarom jy dink hierdie **gedig** handel. (2)


7.4 Haal 'n gedeelte uit die gedig aan wat bewys dat hierdie Hansie en Grietjie nog te klein is om iets vir hulself te kan doen nie. (1)

7.5 Watter voorbeeld van besoedeling vind ons in hierdie gedig? (1)

**10 punte**

**AFDELING D      KOMMUNIKATIEWE TAAL****VRAAG 8**

**Bestudeer die volgende prentjie en volg die instruksies wat volg.**



Voltooi die volgende sinne elke keer met jou EIE woorde. Gebruik die bostaande prentjie as 'n riglyn. Die WOORDORDE en SPELLING moet korrek wees. Die voltooide sin moet SIN maak. (Jy mag nie minder as VIER woorde gebruik om 'n sin te voltooi nie.)

**Skryf die hele sin in jou antwoordskrif neer.**

- 8.1 Die seun staan op die stoeltjie om ... (2)
- 8.2 Die vrou is ingedagte en sien skynbaar nie dat ... (2)
- 8.3 "...! (een woord) Jy gaan val!" skree die meisie vir haar boetie. (1)
- 8.4 Die seun val ... (een woord) die stoeltjie af en beland op die grond. (1)
- 8.5 "...?" wou die seun se sussie weet toe hy op die grond beland (2)
- 8.6 In die toekoms behoort ... voordat hy weer koekies probeer steel. (2)

**10 punte**

**VRAAG 9**

Jy is die redakteur van **Die Hillside Times**. Een van die joernaliste by jou koerant moes 'n artikel skryf oor die dag toe sy weer haar skool besoek het waar sy matriek geskryf het. Daar is egter TIEN taal- en spelfoute in haar artikel en die redakteur moet dit eers korrigeer. Skryf slegs die korrekte woorde onder mekaar in jou antwoordskrif neer. Onthou: Daar is slegs tien foute in die teks.

*'n Jaar nadat ek matriek voltooi het, het ek in my tuisdorp se hoofstraat af geloop. Dit het soos 'n week verlede gevoel vandat ek laas daar was. Twee van die meisies wie ek op skool geweet het, het al baba's gehad. Een van dié twee meisies het altyd die beste merke in ons klas gekry. Sy ouers was baie ryk, daarom het sy ook die beste kleure van ons almal gedra.*

*Wanneer ek op skool was, het ek tennis gespeel. Dit was vir my die lekkerste sport in die wêreld!*

**10 ÷ 2 = 5 marks**

**VRAAG 10**

**Lees die volgende paragraaf deur en volg dan die instruksies tussen hakies noukeurig, of gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies. Skryf net die regte antwoord langs die nommer in jou antwoordskrif neer.**

In Suid-Afrika is daar baie 10.1 (stad) wat 'n mens kan besoek. Daar is 10.2 (bv. – skryf voluit) so baie dinge wat 'n mens in Johannesburg kan sien, van die klein 10.3 (winkels) met 10.4 (baie goedkoop – een woord) ware om te koop, tot die 10.5 (pragtig) groot afdelingswinkels in die reuse winkelsentrums.



In 10.6 (sommige – ander woord) strate is daar nog ou 10.7 (Portugal – korrekte vorm) winkels wat net 10.8 (aartappels, wortels, ertjies – een woord) en 10.9 (piesangs, appels, lemoene – een woord) verkoop. Sulke ou 10.10 (kafeekies, kafee'tjies, kafeetjies – kies die korrekte woord) het 10.11 (baie keer – een woord) nog 'n outydse Coca-Cola-teken 10.12 (op, teen, aan – kies die korrekte woord) die muur.

Dan is daar ook strate met eetplekke op die 10.13 (sy+pad). Jy kan tradisionele geregte soos 10.14 (rook) snoek eet, of smul aan uitheemse kos soos Taiwanese kerrie.

Jy sal altyd iets kry om te geniet, dit maak nie saak wanneer jy gebore 10.15 (is, was – kies die korrekte woord) nie.

**15 punte**